Teksgedeeltes: Genesis 49:13, Josua 18:8-10, Matteus 14:22-33 en Filippense 2:12-18

Teksvers: Genesis 49:13

Tema: Sebulon: Geroep om híér te bly.

Verlede week was daar `n groot opskrif in een van die koerante: 29 plaasaanvalle in 30 dae. Ons hoor van die biljoene rande wat deur korrupsie verlore gaan terwyl ons al hoe meer belasting moet betaal en die rentekoerse aanhou styg. Ons hoor gerugte van verskriklike slegte oeste en kospryse wat weer die hoogte gaan inskiet. My broer en suster, ek weet nie van jou nie, maar as ek hierdie dinge hoor, wil ek weg hardloop!

As ek al hierdie negatiwiteit hoor en as ek hoor hoe bleek die toekoms in Suid-Afrika lyk, dan wonder ek of dit nie maar ook tyd vir my geword het om groener weivelde in `n ander land te soek nie. As mens ouer is en jou kinders het reeds geëmigreer, vat dit selfs nog minder om mens te motiveer om emigrasie te oorweeg.

Maar dit is juis wanneer ek hiermee worstel, wat die Here hierdie woorde van Genesis 49:13 oor my pad bring: "Sebulon woon by die strand, by die strand waar die skepe is, sy oë is op Sidon gerig." En dan moet ek vra: "Here, wat wil U hiermee vir ons sê? Waarom gee U hierdie woorde aan ons?" Want ons weet dat die Here nie woorde mors soos `n mens doen nie. Die Here sê nie maar net iets omdat dit mooi klink nie. God maak aan ons dinge bekend, sodat ons daardeur Sy grootheid sal raaksien en Hom sal eer.

Wanneer ons dan verder in die Here se Woord gaan kyk oor wat met die stam Sebulon gebeur het, hoor ons in Josua 19:10-16 dat die stamgebied van Sebulon tussen die Meditereense See en die See van Galilea gelê het. Alhoewel sy oë op Sidon, die hoofstad van Fenisië gerig is, het hierdie stamgebied nooit tot by Fenisië uitgebrei nie. Die stamgebied van Aser het gekeer dat Sebulon ooit vir Sidon bereik.

Maar belangriker nog as dit is dat ons in Josua 18 hoor dat die stamgebiede deur loting aangewys is. Dit beteken dat die leier van die volk, Josua, gebid het en dan met twee stene, die Urim en die Tummim, bepaal het waar die grense van elke stamgebied moes loop. Hierdie loting was nie maar iets soos ons lottery wat op kans berus nie. Hierdie loting was die proses wat God gebruik het om deur mense Sy besluit oor `n saak bekend te maak.

Ons kan dus sê dat God besluit het wat die stamgebied van Sebulon sal wees. God het `n doel daarmee gehad dat die stamgebied van Sebulon juis daar moes wees waar dit was, want op hierdie manier het God voorsien in die behoeftes van Sy volk wat later sou ontstaan. God het hierdie stam ingeperk en toegelaat dat hulle nie seevaarders word nie, sodat hierdie stam die Kanaaniete en Midianiete kon oorwin in oorlog en dat hulle later vir koning Dawid 50,000 man kon stuur om sy weermag te versterk.

Ten spyte van hoe kort en amper niksseggend hierdie seën van Jakob aan Sebulon dalk lyk, het God `n plan hiermee gehad. God plaas nie mense op plekke net om die aarde vol te

maak nie en daar is nog `n verhaal wat hierdie vir ons bevestig. Die bekende verhaal van Jesus wat op die water loop leer ons iets besonders hieroor. Ons hoor in Matteus 14:22 dat Jesus sy dissipels in die skuit laat klim en dat hulle solank na die oorkant van die See van Galilea moet vaar. Gewoonlik sou die dissipels by Jesus bly totdat Hy klaar is met Sy werk, maar hier, doelgerig, stuur Jesus sy dissipels solank vooruit.

En op hierdie see beleef die dissipels `n groot uitdaging met die golwe wat hulle teister omdat hulle teen die wind moes invaar. Juis dan kom Jesus na hulle toe geloop en wanneer hulle skrik en dink dat dit `n spook is, sê Jesus vir hulle dat dit Hy is. Tipies voortvarende Petrus, sê hy vir Jesus dat as dit wel Hy is, Hy vir Petrus moet beveel om na Hom toe te kom op die water. So gemaak en so gedaan - Jesus gee die opdrag en Petrus klim uit en loop op die water na Jesus toe.

En daar waar Petrus na Jesus toe geloop kom op die water, haal Petrus sy oë van Jesus af. Hy sien die omstandighede wat vir hom net te groot lyk. Hy sien hoe sterk die wind waai en hy begin twyfel. Petrus sien die uitdagings raak van die omgewing waarin hy hom bevind en dit oorweldig hom só dat hy heeltemal vergeet dat Jesus soveel vertroue in Petrus het dat Hy vir hom beveel om na Hom toe te loop. En juis dan begin hy sink.

Hoeveel keer doen ons dit nie? Die golwe van die lewe slaan ons voos. Die mense se voorspellings oor wat die volgende ruk in ons land gaan gebeur oorweldig ons. Ons sien hoe die een golf van korrupsie en geweld na die ander ons land stukkend slaan. Ons sien hoe die droogte soos `n vloedgolf al hoe wyer en wyer uitkring en ons voel hoe ons sink. Ons voel dat ons nie meer kans sien nie. Ons voel dat ons besig is om te verdrink in die seer en die pyn van ons land. Ons word heeltemal oorweldig deur die oomblik van al hierdie gebeure...

Maar juis dan is Jesus daar! Juis dan is dit Hy wat sy hand uitsteek, ons gryp en ons vra: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"

Want sien, my broer en suster, Jesus het opdrag gegee dat Petrus op die water moes loop, omdat Hy vertroue in Petrus gehad het. Jesus het geweet Petrus kan dit doen. Net só plaas God ons in hierdie land waarin ons woon, omdat Hy weet ons kan die uitdagings van die land die hoof bied. Dit klink dalk vreemd, maar God het in ons vertroue dat ons in hierdie land só kan leef dat Hy al die eer moet kry.

Daarom dat Paulus aan die gemeente in Filippi gesê het dat hulle hulle daarop moet toelê om as verloste mense te lewe, ***want dit is God wat hulle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.*** God plaas ons waar ons is, juis sodat ons sy grootheid bekend kan maak, sodat ons soos die dissipels voor Christus kan kniel en kan sê "U is waarlik die Seun van God", sodat ons as ligdraers in die wêreld kan optree deur die woord van die lewe uit te dra.

Tog beteken dit nie dat dit eenvoudig en maklik sal wees nie...alles behalwe! Weet jy, my broer en suster, dat daar in die Nuwe Testament meer beloftes is dat dit met ons as gelowiges swaar sal gaan in hierdie wêreld as wat daar beloftes is dat dit met ons goed sal

gaan? Ja, in die Ou Testament het God belowe dat wanneer ons, ons ouers eer, dit met ons goed sal gaan en dat ons lank sal woon in die land wat die Here ons God vir ons gee.

Maar in die Nuwe Testament word daar juis `n ander dimensie hieraan gegee - ons sal dit in hierdie wêreld moeilik hê, want ons lewe tussen ontaarde en korrupte mense. Die wêreld sal ons haat. Maar ons het `n ewige woonplek in die hemel waar ons die vrede en rus sal beleef wat net van God af kom.

Juis daarom dat Jesus vir Sy dissipels belowe het dat Hy `n Trooster, die Heilige Gees, sal stuur en dat Hy dit wel op Pinkster gedoen het. Want, alhoewel Christus nie nou in Persoon met ons is nie, is Hy met ons deur die Heilige Gees. Dit is deur die Heilige Gees wat Hy ons as die eiendom van God merk en wat Hy ons ook vasgryp en troos wanneer ons oorweldig word deur die bose in hierdie wêreld. Ook wanneer die golwe van die lewe in Suid-Afrika oor jou en my slaan, is Jesus Christus daar en gryp Hy ons vas.

Ek en jy is nie net in Suid-Afrika bloot omdat ons voorouers jare gelede met skepe hier aangekom het nie. God het ons hier geplaas, omdat Hy weet dat ons juis hier as ligdraers in die wêreld kan optree. God het `n doel daarmee dat ons ons hier in Potchefstroom, Suid-Afrika, bevind.

Is ek steeds bang oor wat die toekoms sal inhou? Ja, dalk. Maar ek weet ook dat wanneer ek bang raak, juis dan is dit Jesus Christus wat sy hand sal uitstrek en my sal gryp. Juis dan sal Hy deur die Heilige Gees ook vir my sê: "Moenie twyfel nie, kleingelowige."

Amen